HIGHGATE OSTRICH SHOW FARM south africa

***EDEN TWEEKAMP•BIATHLON***

# JAARVERSLAG

## 2018-2019

Western Cape Government
Cultural Affairs and Sport

**The Better Together Sponsor**

**EDEN TWEEKAMP: VOORSITTERSVERSLAG**

Dit is vir my aangenaam om my 2de voorsittersverslag te kan voorlê en wat 'n groot voorreg is dit nie vir my 2018/2019 was `n besonderse jaar vir Eden Tweekamp om aangewys te word as Eden Federasie van die jaar en as finalis by die Weskaapse Sporttoekenings aand te gaan meeding teen ander federasies in die Weskaap was beslis `n wonderlike prestasie. Ek sou nie veel hierdie jaar iets gedoen gekry het as dit nie vir Dave v.d Walt was wat elke stap saam my was nie en nooit te besig was vir `n oproep indien ek vasbrand of nie weet wat om te doen nie.

Alhoewel Eden Tweekamp `n goeie jaar gehad het moes ons as federasie ook een van ons jong Tweekampers groet wat tragies in `n fratsongeluk betrokke was Storm Spannenberg, Ons moes ook afskeid neem van Oom Piet Swart jare lange spanbestuurder vir Eden Tweekamp.

Sport in Suid-Afrika in die algemeen, stel groot uitdagings tans, veral die finansiële en logistieke uitdagings. Ernstige aandag sal aan Transformasie gegee moet word en so ook aan mense met gestremdehede en vroue. Daarby raak die beskikbaarheid van vrywillige administrateurs alhoe kleiner! Ons as Eden Tweekamp het `n klein handjie vol mense wat altyd bereid is om te help en dus sal ons werk moet maak om meer ouers en skole verteenwoordigers betrokke te maak met die liga byeenkomste as beamptes.

Die 2019 SPORTSMAN WAREHOUSE SA Tweekampkampioenskappe in PE was goed aangebied deur OP Tweekamp! Groot opwinding was alreeds getoon teenoor as die 2020 SA Kampioenskappe se gasheerprovinsie.

HIGHGATE was in al sy glorie as ankerborg en die formaat van onthaal blyk ook 'n wenner te wees nie eers storm reen en winde kon die Highgate personeel stop om 100de mense te onthaal nie. Ek is seker die bestuur gaan nog vir lank die pad saam met Johan Keller van Highgate stap! Ook die Groter Oudtshoorn Munisipaliteit en die Weskaapse Departement van Kultuursake en Sport is weer deel van die beplanning vir die 2018/19 seisoen asook die 2020 SA Kampioenskappe. Die loodsprojek vir Nasionale Skolekompetisie was ook weereens 'n groot sukses. Eden Tweekamp hoop om hierdie jaar meer skole spanne betrokke te kry met Outeniqua en KPS wat besonders goed gedoen het as die verteenwoordige skole by die SA kampioenskappe en so ook Highgate interprovinsiaal

**44ste SA KAMPIOENSKAPPE 2018 – Port Elizabeth [Abiagil McKay]**

Na 'n ongelooflike voor seisoen van vele byeenkomste en opwinding en 'n suksesvolle EDEN proewe op die 5de Maart te Oudtshoorn was 'n finale span van 73 atlete en 2 gestremde atleet gekies om EDEN by die 44ste SPORTSMANS WAREHOUSE SA Kampioenskappe in Port Elizabeth te gaan verteenwoordig. Ons het ongelukkig ook onttrekkings op nommer 99 gehad wat ons totaal verlaag het. Dit dien vermeld te word dat die laat onttrekkings ons die onkostes moes van dra.

Ons span het goed gevaar. Die volgende medaljes verwerf.

- 2 Goud
- 1 Brons
- "Special Needs"- atlete het 1ste en 2de plek behaal

**Johan Windt** het die SA rekord verbeter.

| | |
|---|---|
| Junior kompetisie | 4de |
| Senior kompetisie | 5de |
| Algehele kompetisie | 4de |

In die skole kompetisie het ons verteenwoordige skole baie goed gevaar. Ons laerskole was Laerskool Knysna (10de) en Laerskool Plettenbergbaai (11de) geeindig. Ons hoërskole was Hoërskool Outeniqua (4de) en Oakdale (7de).

Die busrit terug het sonder teespoed verloop en ons is ons Hemelse Vader ewig dankbaar dat hy ons veilig huis toe gebring het. Ek wil vir Oom Dave baie dankie sê met al die reëlings se hulp en bystand . Ons as bestuur sal met die volgende byeenskoms moet poog om die ouers op hoogte te bring van al die reëls en regulasies want dit raak nou afgesaag om alewig met die selfde ouers te sukkel wat eenvoudig net hul eie dinge wil doen. Die kampioenskappe het ook nie sonder sy kwota uitdagings gegaan nie – van die EDEN [ook WP en BOL] se atlete en ouers is voorgekeer tussen Knysna en Plettenbergbaai deur betogings. Hulle moes terugkeer en die lang pad deur die Langkloof ry. Dit het veroorsaak dat hulle laat was vir die opening-seremonie!

Tydens die prysuitdelingseremonie is die SA Tweekampvlag amptelik deur OP aan EDEN oorhandig in 'n simboliese seremonie. Die vooristter van Eden Tweekamp, Stephnie McKay, het dit ontvang. EDEN Tweekamp bied in 2020 die 45ste SA Kampioenskappe in Oudtshoorn aan. EDEN Tweekamp [toe nog SWD] het dit ook suksesvol in 2001 en 2013 aangebied.

**ONTWIKKELING**

As deel van die Ontwikkelings program vir die seisoen het Eden Biathlon `n ontwikkelings Kliniek aangebied by Laerskool Knysna op die 31ste Oktober 2018. 33 Atlete het die kliniek bygewoon en is afgerig deur twee van die beste afrigters in Suid Afrika, Marius Schlechter (hardloop) and Sybeth Hughes (swem). Die kliniek was aangebied deur Eden Biathlon in samewerking met die Knysna munisipaliteit en DCAS en was gereël deur Dave vd Walt en Abigail McKay.



**KAPASITEITSONTWIKKELING**



Die kapasiteitsontwikkeliing het hierdie jaar 12 Maart plaasgevind in Oudtshoorn en die fokus was vroue in sport en mense met gestremdhede. "We as Women & Disabled can do it!" Amper 50 vroue, jong dames en mense met 'n gestremdheid het die werkswinkel bygewoon. Basiese tydhou in Swem en Atletiek was deur Abrie de Swardt and Thinus Eloff aangebied. Shireen Noble (ASWD President) het met die groep mense gesels oor Women & Disabled in sport administration. Jessica Gerber (Protea fietsryer) het ook `n sterk boodskap van motivering gelewer om nooit op te gee.

**CAPACITY WORKSHOP KAPASITEITSWERKSWINKEL**

***"We as women can do it!"***

***"Ons as dames kan dit doen!"***




**"DOUBLES"-BYEENKOMS [22 Feb 2019]**

***<u>WIPMY EDEN DOUBELS-BIATHLON</u>***

GOEIE BEGIN - Die 2018-seisoen van tweekamp in die EDEN is Dinsdagaand ingewy met die tradisionele WIMPY DUBBELS-byeenkoms. Die kompetisie is besonders in die opsig dat twee atlete 'n span vorm en dan doen elke atleet net een van die bene – of hardloop of swem. Elke atleet se punte behaal word dan saamgevoeg om die wenners te bepaal! Dinsdag 22 Feb het 35 spanne deelgeneem aan die jaarlikse tradisionele Doubles byeenkoms. Vanjaar het Wimpy Oudtshoorn die pryse geborg. Baie geluk aan die volgende podium wenners:

1 Span Hisense (Johan Windt en Juriana Lane) 2750
2 Span Ramkatte (Johan Griffioen en Allan Wheeler) 2310
3 Span KW (HW de Waal en Kari Griffioen) 2190
• Oorspronklikste Naam: Span Young & Restless (Quintus Lutch en Edie Lutch)



**INTERPROVINSIALE BYEENKOMSTE**

Eden het die afgelope jaar aan twee interprovinsiale byeenkomste deelgeneem – OP Interprovinsiaal [PE,20 Okt 2018] en HIGHGATE Interprovinsiaal [Oudtshoorn, 3 Febr 2019]. Die HIGHAGTE byeenkoms is deur Eden en WP aangebied.

**OP INTERPROVINSIAAL – PORT ELIZABETH [20 Okt 2018]**

Die EDEN Tweekampspan het aan die OP Interprovinsiale Byeenkoms in Port Elizabeth deelgeneem. Die hardloopkomponent is op die Westbourne Oval afgehandel terwyl die swem in die puik Newton Park swembad geskied het – in heerlike weersomstandighede! Die ander provinsies wat deelgeneem het was Grens, OP en Vrystaat. Die span kompetisie is deur OP gewen en Eden in die tweede plek gevolg deur Grens en dan Vrystaat.

Die medal winners was:

**GOUD**

- Matthew van Coller
- Anlize Vermeulen
- Walter Lutsch
- Denise De Jongh

**SILWER**

- Emma Loubser
- Ryan Nagel
- Nina De Jongh

**BRONS**

- Reynard Jansen van Rensburg

**Senior Victrix ludorum:** Denise De Jongh

Totale Medaljes: 8 [Goud 4, Silver 3, Bronze 1]



**HIGHGATE/DCAS/GROTER OUDTSHOORN INTERPROVINSIALE TWEEKAMP [2 Feb 2018]**

Die 28ste **HIGHGATE/DCAS/GROTER OUDTSHOORN Interprovinsiale Tweekampbyeenkoms** word deur kenners as een die beste interprovinsiale byeenkoms in Suid Afrika beskou en in 2019 was dit weereens `n besonderse byeenkoms meer 600 athlete van 7 provinsies [WP. BOL, EP, EDEN, GW, FS and BORDER] wat deel geneem het. atlete het in wam weerstoestande en groot reenstorms mekaar die stryd aangesê en tweekamp uit die boonste rakke gelewer. 3 SA, 9 Highgate rekords & 4 provinsiale

rekords is opgelewer.  Eden Biathlon het 8 medaljes ingepalm – 2 goud, 5 silwer & 1 brons.  Dit is afgesluit met die prysuitdelingsfunksie op Highgate wat deur meer as 500 mense bygewoon.

Die wenners van Eden was:

| | | | |
|---|---|---|---|
| G/9 | Hannah de Necker | 2216 | Brons |
| B/19 | Andre Kleynhans | 2275,7 | Silwer [he also bettered the SA record and set Open & Prov records] |
| G/19 | Anlize Vermeulen | 2198,5 | Silwer |
| JV | Pieter v d Mescht | 2365,3 | Goud  [set new Open & Prov records] |
| Vet | Walter Lutsch | 2246,3 | Silwer |
| S Vet | Denise de Jongh | 2100 | Silwer |
| S Vet | Cliff Wallace | 2221,8 | Silwer |
| MM | Johan Windt | 2433,1 | Goud [ set SA, Open & Prov records] |

Johan Windt het weereens die SA record vir  Master Men verbeter, en is ook aangewys as die Senior Victor Ludorem!
The SA rekords was verbeter deur:
B/15: Francois Malherbe (BOL) 2417,0;
B/19: Retief Ochse (WP) 2331,8;
Master Men: Johan Windt (EDEN) 2433,17.
The top achievements [Ludorems] went to
Junior Victrix: Tatiana Thomatos (WP) G/9;
Junior Victor: Francois Malherbe (BOL) B/15; Senior Victrix: Liezel Wessels(BOL) Sen Vet; Senior Victor: Johan Windt (EDEN)  Master Men. WP het weereens die span kompetisie gewen  met Boland tweede en Eden in die derde plek. Stellenberg HS  het die Hoërskool kompetisie gewen Durbanville PS die laerskole kompetisie.

Die eregas was die Weskaapse Departement van Kultuursake & Sport Minister, me Anroux Marais. In haar toespraak het sy die belangrikheid van talent-identifikasie op vroeë ouderdom genoem en weer eens bevestig hoe belangrik 'n gesinsport soos tweekamp vir gesonde ontwikkeling en leefstyl vir almal is!

**OPERASIONELE BESTUURDER**

Mnr. Dave v.d Walt was aangestel as Eden Tweekamp se Operasionele Bestuurder in 2017 en lewer `n besonderse diens aan Eden Tweekamp soos ons almal hom ken hy gaan beslis die ekstra myl en is altyd bereidwillig om te help waar hy kan en raad gee. `n paar van sy pligte hierdie jaar was as volg.

- Reëling van byeenkomste;
- Reëling van Ontwikkelingsprojekte en kapasiteits-werkswinkels;
- Verkryging van borge teen kommissie;
- Aansoeke by regeringsliggame vir befondsing;
- Beheer oor die bates soos apparaat, waentjie, ens;
- Bywoon van vergaderings waar benodig

Hy het beslis die ekstra myl hierdie jaar gegaan en ons is dankbaar vir al sy hulp en tyd wat hy aan Eden Tweekamp gee. Hy is alreeds besig met reelings  vir die SA 2020 kampioenskappe wat in Oudtshoorn sal plaasvind. Eden Tweekamp is besonders gelukkig om `n person soos hy deel te hê van die span.

**FINANSIES**

Die finansies van EDEN Tweekamp is gesond soos aangedui deur die geouditeerde state wat deur Alice le Roux Ingelyf gedoen is.  Groot dank aan die Bestuur wat ten spyte van die hoë finansiële druk net die beste vir die EDEN-atlete doen en die kostes so laag moontlik hou.  Dank moet ook gaan aan die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake & Sport, die HIGHGATE, Groter Oudtshoorn Munisipaliteit asook al die sekondêre borge en donateurs, wat deur hulle finansiële ondersteuning dit moontlik maak.  'n Groot dank ook aan ons ouditeure van baie jare, Alice le Roux Ing, in die besonder Stephanie Koegelenberg, wat altyd bereid was om op kort kennisgewing ons state onder beheer te kry!

**UITDAGINGS**

- Punte tabel wat verander het
- Skoleliga
- Te min Beamptes

Tydens die EDEN Sportraad se jaarlikse Prystoekennings is EDEN Biathlon vereer en aangewys as die EDEN Sportfederasie van die Jaar.  Hulle was da nook een van die Weskaapse se finaliste in die kategorie.  Dit kon net bereik word deur die samewerking en harde werk van alle beamptes, atlete en die bestuur!  Baie geluk!

**BEDANKINGS**

Graag wil ek van hierdie geleentheid gerbuik maak om net die volgende persone en instansies te bedank:

- Alle ouers, onderwysers, afrigters, borge en belangstellendes wat dit vir EDENTV moontlik maak om te vorder;
- Aan die Eden Bestuur vir die flinke wyse waarop hulle tweekamp in die Eden bedryf en die tyd wat hulle opoffer asook die ondersteuning wat hulle my as voorsitter gebied het;
- Aan al Eden se borge, donateurs en vriende;
- Aan Johan Keller en HIGHGATE vir hulle jarelange ondersteuning en borgskap;
- SASKO vir hulle borgskap van sambrele & kazebo's tydens die HIGHGATE-byeenkoms;
- Die Departement van Kultuursake en Sport van die Weskaap, en in die besonder die plaaslike EDEN-kantoor [Jean Neethling & Dirk van der Westhuizen] vir hulle onbaatsugtige ondersteuning en fisiese bystand;
- Aan ons plaaslike media vir hulle volgehoue ondersteuning;
- Aan alle skole en klubs wat hulle beywer vir die ontwikkeling van ons sportsoort;
- Aan al ons atlete wat so getrou die ligabyeenkomste bywoon;
- Aan die munisipaliteit van Oudtshoorn en ander instansies vir die beskikbaarstelling van hulle fasiliteite en geriewe;
- Aan Yvonne, Dave en Abigail wat altyd net `n oproep weg is en op wie se knoppie ek kan druk teen alle tye
- Aan ons dierbare Vader wat ons die krag en genade gee om hierdie taak te verrig.

Ek dank u.



Stephnie McKay
Voorsitter